

AGRONOMIE

NAVORSINGSINLIGTING



P1257R

VRM: 112

Dae tot 50% blom:

48 tot 55

Fisiologies ryp:

115 tot 122

- Opwindende nuwe kort groeiseisoen geel kultivar geskik vir besproeiing.
- Enkelkoppig. Optimale plantpopulasie gevolglik belangrik
- Aangepas by alle grondtipes, 0.75m tot 0.91m rywydtes.
- Beste plantestand: 90,000 – 95,000 plante per hektaar.
- Beste plantdatum: November tot Desember.



BELANGRIKE AGRONOMIESE EIENSKAPPE		SIEKTEVERDRAAGSAAMHEID	
▪ Staansvermoë		▪ Bruinroes	
▪ Opbrengspotensiaal		▪ Grysblaarvlek	
▪ Meerkoppigheid		▪ Noordelike blaarskroei	
▪ Kopplasing		▪ Stam- en wortelvrot	
▪ Droogte-verdraagsaamheid		▪ Kop- en pluimbrand	*
▪ Afdroging		▪ Fusarium kopvrot	*
▪ Produktiewe spruite	*	▪ Diplodia kopvrot	
▪ Aantal rye	±16	▪ Gibberella kopvrot	

Eienskapsgradering:

Goed



Gemiddeld



Swak



Siekteverdraagsaamheid:

Hoog



Gemiddeld



Laag




OPBRENGS

- Die swart lyn in die figuur hieronder verteenwoordig die Kg/ha opbrengsverskil van P1257R wat gelyk gestel is aan nul relatief tot ander kultivars. Data is saamgestel uit kleinperseel IMPACT proewe.
- Dit is merkwaardig dat P1257R die verwysings kultivar 31D22BR oor 15 lokaliteite met 355 Kg/ha klop. Dit is goeie genetiese verbetering op ouer genetiese kultivars. Die nuwe VTP weergawe van 31D22 (31D23) verloor met 462 Kg/ha teen P1257R. Dit onderstreep die opbrengsvermoë en aanpasbaarheid van die P1257 platform. Dit presteer ook kompetender onder koeler toestande.
- Die aanpasbaarheid van P1257R spreek vanself deur plaaslike topverkooper kultivars oortuigend uit te stof. P1257R klop DKC 65-52BR met 1232 Kg/ha oor 15 lokaliteite en DKC 65-60BR met 660 Kg/ha oor 15 lokaliteite.
- P1257R klop die gedugte PAN 3R-724BR met 628 Kg/ha oor 15 lokaliteite.
- P1814R bied geen kompetisie vir P1257R in die Noord-Kaap nie (P1257R klop P1814R met 849 Kg/ha oor 15 lokaliteite).
- P1257R is dus 'n geskikte toevlugskeuse by P1197YHR onder besproeiing.

AGRONOMIE

NAVORSINGSINLIGTING



AGRONOMIE

Location	Plant Population	Seedling Vigour	Standability	Ear Diameter (mm)	Ear Length (mm)	PE Ratio (%)
Hartswater	85 000	S	A	49	195	47
Magagong	85 000	S	A	52	198	49
Jacobsdal	85 000	S	A	51	210	50
Douglas	85 000	S	A	54	200	55
Average		S	A	51	201	50

Die tabel hierbo beskryf die agronomie van P1257R by vier lokaliteite. Die P1257 platform het sterk groeikragtige saailinge wat vinnig en eenvormig opkom. Plante is gemiddeld 2.3 meter hoog met die koppe wat op 1.23 meter gedra word. Koppe word op 50% van die plantlengte gedra. Uitstekende staanvermoë is waargeneem. Koplengte en diameter is aanvaarbaar. Hierdie genetiese platform is goed aangepas en presteer relatief goed in koeler areas. Die genetiese droog vining af.

MEERJARIGE VERGELYKINGS



- Die figuur hieronder toon die opbrengsprestasie van P1257R in vergelyking met 31D23 as verskil in terme van Kg/ha oor 11 lokaliteite. 31D23 is die nuwe VTP weergawe van 31D22.
- Dit is duidelik dat P1257R 64% van die 11 vergelykings wen. In terme van opbrengs het P1257R gemiddeld 433 Kg/ha beter as 31D23 presteer.
- Daar het dus aansienlike genetiese vordering plaasgevind.

AGRONOMIE

NAVORSINGSINLIGTING




- Bo en behalwe 'n noemenswaardige beter opbrengs, is P1257R 1.4% vinniger droog as 31D23 indien vogverskille tydens stroop vergelyk word.
- Dit is gevolglike die beste keuse in 'n besproeiingstelsel, veral indien koring deel van 'n wisselboustelsel is.
- P1257R is 'n baie goeie toevlugskeuse by P1257YHR, veral in koeler produksieareas.



- Die figuur hierbo toon die opbrengsprestasie van P1257R in vergelyking met DKC 65-60BR in terme van Kg/ha oor 11 lokaliteite.
- Dit is duidelik dat P1257R 73% van die vergelykings wen. In terme van opbrengs het P1257R oortuigend 524 Kg/ha beter as DKC 65-60BR presteer.
- P1257R is 1.8% droër tydens stroop en bevestig net weereens hoe geskik hierdie genetika in 'n koring wisselboustelsel is.
- Die P1257 platform kan met gemoedsrus saam met die P1197 platform as stalmaats aanbeveel word.

AGRONOMIE


NAVORSINGSINLIGTING



Die figuur langsaan toon die opbrengsprestasie van P1257R in vergelyking met DKC 65-52BR in terme van Kg/ha oor 11 lokaliteite.

Dit is duidelik dat P1257R 82% van die vergelykings wen. In terme van opbrengs het P1257R 1300 Kg/ha beter as DKC 65-52BR presteer.

P1257R is 1.2% droër tydens stroop. Dit bied dus 'n vinniger alternatief met ooglopend hoër opbrengsmoontlikhede.




Hierdie figuur toon die opbrengsprestasie van P1257R in vergelyking met PAN 3R-724BR in terme van Kg/ha oor 11 lokaliteite.

Dit is duidelik dat P1257R 82% van die vergelykings wen. In terme van opbrengs het P1257R oortuigend 683 Kg/ha beter as PAN 3R-724BR presteer.

P1257R en PAN 3R-724BR droog so te sê teen dieselfde tempo af. Die P1257-platvorm is kompetender in terme van opbrengs en bied 'n uitstekende alternatief.



PLANTPOPULASIE AANBEVELINGS




- Die figuur hierbo toon die opbrengsreaksie van P1257YHR geplant by plantpopulasies wat strek vanaf 81,000 plante per hektaar tot 100,000 plante per hektaar.
- Die P1257YHR platvorm is sterk enkelkoppig wat inherent 'n "fixed" kop vorm. Hiermee word bedoel dat die kopgrootte min aanpas by verandering van plantpopulasie. 'n Goeie univorme hoë plantpopulasie is dus 'n vereiste vir hierdie hoë inset bestuurskultivar.
- Die figuur toon dat die beste resultate verkry word by 90 tot 95,000 plante per hektaar.
- P1257YHR is tipies "Corn Belt" genetika met baie min "Flex". Dit is dus 'n kultivar wat 'n hoë plantpopulasie vereis.

PLASING VOLGENS OPBRENGSKAARTE

- Die proefpersele waar P1257YHR geplant en vergelyk is, word in die figuur hieronder aangedui. Dit toon die prestasie van P1257YHR volgens omgewing wat varieer van minder as 8 ton/ha tot meer as 16 ton/ha opbrengspotensiaal.
- Dit is duidelik dat P1257YHR 'n top geel vol besproeiingskultivar is wat noemenswaardig in die hele Noord-Kaap presteer. Gemiddelde opbrengste van tot 16 ton/ha en meer word daar gestroop.
- In die Westelike gedeeltes van Noord-Wes word opbrengste van 8 tot 12 ton behaal.
- P1257HR is dus 'n kultivar wat benewens uitstekende groeiengte (droog vinnig af) mooi inpas in die koring wisselstelsel. Dit kan as goeie alternatief of saam P1197YHR as stalmaats aanbeveel word.

AGRONOMIE

NAVORSINGSINLIGTING



- Die proefpersele waar P1257R geplant en vergelyk is, word in die figuur hierbo aangedui. Dit toon die prestasie van P1257R volgens omgewing wat varieer van minder as 12.5 ton/ha tot meer as 18 ton/ha opbrengspotensiaal.
- Dit is duidelik dat P1257R 'n top geel vol besproeiingskultivar is wat as toevlugskultivar baie goed in die hele Noord-Kaap presteer.
- Opbrengste van tussen 14 en 16 ton/ha word as gemiddeld aangeteken.
- In die omgewing van Hopetown en Van der Kloof wat as relatief koeler beskou word, word opbrengste tot 18 ton/ha behaal.
- Dit is dus 'n uitstekende kultivar waarmee Pioneer opsies bied in die vinnige groeiseisoen genetica. 'n Waardige vervanging van P1184YR en P1814R.
- Plantdatum is minder sensitief en daarom kan die P1257 platvorm vroeër of later as 15 Desember aangeplant word.



The foregoing is provided for informational use only. Please contact your Pioneer sales professional for information and suggestions specific to your operation. 2020 data are based on average of all comparisons made over 2020 locations through 2020. Multi-year and multi-location are better predictors of future performance. Do not use these or other data from a limited number of trials as a significant factor in product selection. Product responses are variable and subject to a variety of environmental, disease and pest pressures. Individual results may vary.